
# TURKYE

**saam met**

## Prof Stephan Joubert



Vertrekdatum:
Donderdag, 24 September 2026






*Istanbul*



*Bosphorus bootvaart*



*St Sophia Kerk*



*Waternetwerk*



*Pamukkale*

## BUITELYNE VAN DIE REISPLAN

**(O)**-Ontbyt **(A)**-Aandete **(*)**-Ete aan boord van die vliegtuig

| | |
|---|---|
| **Dag 1:**<br>**Donderdag**<br>**24 Sept** | **JOHANNESBURG – DOHA**<br>Ontmoet vanaf 15:50 by die Qatar lugredery inboek-toonbank op Johannesburg se O.R.Tambo Internasionale lughawe. Vertrek om 19:50 na Doha en oornag aan **BOORD (*)** |
| **Dag 2:**<br>**Vrydag**<br>**25 Sept** | **DOHA – ISTANBUL**<br>Arriveer om 05:20 in Doha en sluit by die 07:50 vlug na Istanbul aan. Stryk om 12:20 neer in **Istanbul** *(unieke stad wat aan beide kante van die Bosphorus see geleë is).* Ons toergids en busbestuurder staan gereed om ons oor te plaas vir 'n bootvaart op die **Bosphorus** *(waterkanaal wat Asië en Europa van mekaar skei).* Oorplasing na ons hotel vir aandete en oornag in **ISTANBUL (*)(A)** |
| **Dag 3:**<br>**Saterdag**<br>**26 Sept** | **ISTANBUL – PAMUKKALE**<br>Onderneem 'n Istanbul besigtigingstoer en sien die indrukwekkende **Blou Moskee** *(kenmerkende Istanbul-landmerk in die 17de eeu gebou met sy blou Iznik teels wat die binnekant versier, 'n Ottomaans-era historiese keiserlike moskee).* Besigtig die **ondergrondse waternetwerk** *(tydens oorlogstye gebruik wat vanuit die sesde eeu dateer).* Water is hier gestoor en die dak van die 70- by 140meter-lange koepel rus op 360 Korintiese pilare. Ons volgende stop is die **Konstantinopel Hippodroom** *(openbare arena wat hoofsaaklik vir strydwa-wedrenne gebruik is).* Oorplasing na die **Sabiha Gökçen** Internasionale lughawe vir die vlug wat om 17:50 vertrek om teen 18:55 in Denizli neer te stryk. Oorplasing na ons hotel vir aandete en oornag in **PAMUKKALE (*)(A)** |
| **Dag 4:**<br>**Sondag**<br>**27 Sept** | **KOLOSSE – LAODICEA – HIERAPOLIS – PAMUKKALE**<br>Begin die dag by die oorblyfsels van die stad **Kolosse** *(Paulus se brief aan die Kolossense; ook tuiste van Filemon, stad wat oorspronklik deur die Frigiërs gevestig en bewoon is).* Volg dan die roete na **Laodisea** *(een van die Sewe gemeentes van Klein Asië)* wat in die jaar 260 v.C. sy ontstaan gehad het. Dit was eens die hoofstad van Firigië waar 'n groot aantal Jode gewoon het. Die ernstigste van al die waarskuwings is aan hierdie kerk gerig omdat hulle lou was en die Here hulle "uit Sy mond spoeg". Besoek **Hierapolis** *(waar Filippus gemartel is).* Besigtig een van die grootste en mees uiteenlopende Nekropolisse ter wêreld, tempel van Apolo, die teater en Roomse baddens. Dit is hier waar |




Laodicéa



Hierapolis



Efese



Sirince



Johannes Basilika



Smirna



Sardis



| | |
|---|---|
| | Filippus 'n marteldood gesterf het. Ons bestemming is die warmwaterbronne van **Pamukkale** *(met sy travertyne en terasse van kalksteen minerale wat deur die vloeiende water agtergelaat word).* Keer terug vir aandete en oornag in **PAMUKKALE (O)(A)** |

| | |
|---|---|
| **Dag 5: Maandag 28 Sept** | **EFESE – SIRINCE – KUSADASI**<br>Vertrek na **Éfese** *(een van die sewe gemeentes)* waar ons die antieke geboue wat uit Griekse, Romeinse en Bizantynse periodes dateer besigtig. Uitgrawings word steeds hier gedoen en daar word voortdurend nuwe ontdekkings gemaak. Paulus het hierdie stad op sy tweede en derde sendingreise besoek (Hand. 18:19-21). Sien die **Basilika van Johannes** *(waar hy volgens oorlewering begrawe is)*, en die antieke stad met die Agora, die **tempel van Hadrianus** *(dissipels van Johannes kom op wonderbaarlike wyse hier tot bekering Hand. 19:1-7)*. Ons begin met 'n **inleiding tot Efese** vanuit 'n Bybelse perspektief; 'n oorsig gelei deur Prof Stephan Joubert. Reis verder vir 'n besoek aan die dorpie **Sirince** *(pragtig gerestoureerde heuweltop-dorpie voorheen bekend as Kirkindja en toneel vir die beroemde roman geskryf deur Dido Sotiriou, "A Farewell to Anatolia").* Reis verder na **Kusadasi** *(gewilde hawestad en strandoord aan Turkye se westelike Egeïese kus).* Aandete en oornag by ons hotel in **KUSADASI (O)(A)** |
| **Dag 6: Dinsdag 29 Sept** | **EFESE – IZMIR**<br>Keer vanoggend terug en sit ons Bybelse reis saam met Stephan Joubert voort wanneer ons verder die skatte van **Efese** ontdek en waardevolle Bybelkennis opdoen. Besoek die **antieke teater** *(waar Paulus vir die Efesiërs gepreek het).* Sien die marmerstraat en die **tempel van Artemis** *(een van die sewe wonders van die Ou wêreld).* Reis verder vir 'n besoek aan die **Basiliek van Johannes** *(teen die hange van Ayasuluk-heuwel, reg langs die İsa Bey-moskee, sowat 3,5 km vanaf Efese geleë).* Ons bestemming is **Izmir** *(stad op die Egeïese kus)* waar Alexander die Grote 'n kerk op die Pagos-berg gebou het wat bokant die stad uittroon. Aandete en oornag in **IZMIR (O)(A)** |
| **Dag 7: Woensdag 30 Sept** | **SMYRNA – SARDIS – PERGAMUS – BERGAMA**<br>Bring vanoggend besoek aan eertydse **Smirna** *(een van die sewe gemeentes)* waar die bouvalle van die "markplein" of agora oopgegrawe is tesame met ander interessante oorblyfsels van daardie tyd. Reis verder na **Sardis** *(antieke stad met 'n geskiedenis wat meer as 3 000 jaar terug dateer; ook bekend as die hoofstad van die Koninkryk van Lidië met manjifieke strukture soos die* ***tempel van Artemis*** *(een van die grootstes in die Midde-Ooste), teater en 'n* ***Romeinse badkompleks*** *(een van die grootste en bes bewaarde Romeinse badkomplekse in Turkye met goed bewaarde vloere en 'n paar muurskilderye).* Sardis het ook 'n groot **Joodse sinagoge** *(dateer uit die Romeinse tydperk; een van die oudste sinagoges ter wêreld met goed bewaarde mosaïeke en Hebreeuse skrif).* Reis verder en bring besoek aan **Pérgamus** *(een van die Sewe Gemeentes)* en eertydse hoofstad van 'n groot pre-Romeinse koninkryk. Die groot **altaar van Zeus** *(wat later na Duitsland verwyder is)*, het op die heuwel bokant die stad gestaan. Verdere opgrawings het biblioteke, paleise en tempels blootgelê. Die skuinsste teater ter wêreld wat sowat 15 000 mense kon akkommodeer, en die Asklepios tempel is hier naby geleë. Aandete en oornag in die omgewing van **BERGAMA (O)(A)** |
| **Dag 8: Donderdag 01 Okt** | **BERGAMA – BURSA – ISTANBUL – DOHA** |

*Pérgamus*



*Onderdak Basaar*

Reis vanoggend oor **Bursa** *(groot stad wat vanuit die Ottoman periode dateer)*, bekend is vir sy parke en tuine wat deur groen woude omring word, aan die voet van die 2500 meter-hoë Uludağ geberte naby die see van Marmara geleë. Ons bestemming is Istanbul waar ons die toer afsluit met 'n besoek aan die die gewilde **onderdak basaar** *(een van die grootste en oudste onderdakmarkte ter wêreld, met 61 bedekte strate en meer as 4000 winkels waar aandenkings teen winskopiepryse aangeskaf kan word).* Oorplasing na die lughawe vir die Qatar airways vlug wat om 20:10 vertrek om net na middernag teen 00:10 in Doha te arriveer. Sluit by die 02:25 vlug na Johannesburg aan. Oornag aan **BOORD (O)(*)**



*Qatar Airways*

**Dag 9: Vrydag 02 Okt**

**JOHANNESBURG**

Ontbyt word aan boord bedien. Stryk om 09:45 op Johannesburg se O.R.Tambo Internasionale lughawe neer, ryk aan ervaring en verryk in die gees. Eendag maak ons weer so! **(*)**

**VERWAGTE TOERPRYS: R46,900 per persoon wat 'n kamer deel** ***(Toerprys is gebaseer op verwagte kostes vir September 2026, soos saamgestel gedurende Maart 2025, is onderhewig aan verandering, en sal hersien word wanneer die groep-lugreisgeld in November 2025 beskikbaar word).***
Tariewe soos volg bereken: **Spesiale groep-lugreisgeld:** R15,000 / **Landreëlings:** R31,900

Tariewe word deur die diensleweraars gedek tot op R20,00 teenoor die Euro en toerkoste sal aangepas word indien die Rand verder as R20,00 sou verswak. Weens die beperkte aantal plekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker.
Alle tariewe onderhewig aan beskikbaarheid en herbevestiging tydens bespreking

**BESPREKINGS:** Voltooi asseblief die meegaande regsitrasievorm en betaal u deposito van **R10,000** per persoon plus reisversekering van **R1,230** vir onder 70-jariges. E-pos (tafelberg@stargateint.co.za) of Whatsapp die registrasievorm (082 478-0895) tesame met u inbetalingstrokie (deposito plus reisversekering totaal: **R11,230**) na ons kantoor. Reisversekering moet saam met u deposito betaal word indien u die volle reisdekking wat die TIC polis bied, wil verkry. Bankbesonderhede reflekteer onderaan die registrasievorm. Gebruik asb u **VAN** gevolg deur die kode **24SepSJ** as verwysing met inbetaling.
*'n Tweede betaling van R10,000pp is betaalbaar teen 24 September 2024. Die balans van die toerprys is sowat 12 weke voor vertrek betaalbaar, en die wisselkoers van die dag sal op die Randwaarde van ons toerprys van toepassing wees indien die Rande verder as R20 teenoor die Amerikaanse Dollar sou verswak. Maak asseblief seker dat u fondse dan beskikbaar is aangesien balansbetaling is weens die wisselvalligheid van die Rand, sowat 72-uur na fakturering betaalbaar is. Weens die beperkte aantal sitplekke beskikbaar vir hierdie toer, word u inskrywing en deposito so gou as moontlik benodig om u sitplek te verseker. Toerprys is gebaseer op* ***48 passasiers*** *wat saamreis.*

*Nota: Indien u nie van die groepsvlugte gebruik maak nie, sal 'n R1,500 heffing van toepassing wees vir die ongebruikte groepsbespreking by die lugredery.*

**INGESLUIT:**
- Ekonomiese retoervlugte insluitend inboek-bagasie, lughawebelasting en brandstofheffing
- Lughawe hotel retoer oorplasings soos per program
- Ontbyt en aandetes soos per program
- Vierster akkommodasie
- Engelssprekende toergidse en luukse toerbusse
- Besigtigingstoere en ingangsfooie soos per program
- Fooitjies aan toergidse, busbestuurders, portiere en hotelpersoneel

**UITGESLUIT:**
- Opsionele enkelkamerverblyf supplement op aanvraag beskikbaar R8,900
- Reisversekering vanaf R1,230 vir onder 70-jariges R2,930 vir onder 80's. Senior polis op aanvraag beskikbaar
- Turkse gratis aanlyn visum

*Reisplan en hotelle is onderhewig aan verandering na gelang van tydskedules en veiligheidsituasies*

StarGate international
International Group Tour Operators